# Kareeberg Munisipaliteit

**64/2022 KWOTASIE - INSTALLERING VAN SLUIS - CARNARVON**

Skriftelike getekende kwotasies word hiermee ingewag vir sekere strukturele veranderinge by die oorval by die dorpsdam in Carnarvon. Die werke behels die uitbreek van 'n gedeelte van die oorval en die installering van 'n sluis. Die kwotasie moet materiaal en arbeid apart aandui. Vir meer inligting skakel Mnr. A van Schalkwykwyk by 053 3823012 gedurende kantoorure.

**Kwoteerders moet hulle belastingnakomingsstatus PIN verstrek. Die unieke MAAA nommer moet ook op die kwotasie verstrek word. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. Die BBEE vrystelling verklaring moet oorspronklik beëdig wees. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Die 80/20 puntestelsel is van toepassing. Let wel dat alle vorms wat benodig word op die webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar is.**

Kwotasies gemerk "**KWOTASIE: INSTALLERING VAN SLUIS - CARNARVON**" moet die ondergetekende voor of op **Woensdag, 15 Junie 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Dit moet in die tenderbus geplaas word by die munisipale kantoor te Carnarvon.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om enige of laagste kwotasie te aanvaar nie.

**MNR. A P F VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

3 Junie 2022

L8.2.1
Kennisgewingbord
Web, 3 Junie 2022